SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 10 APRIL 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

Terwyl daar aandag gegee word aan die probleme wat sommige lede ervaar met toegang tot die SARL-webbladsye, is 'n bykomende kanaal nou beskikbaar. Teken in by www.amateurradio.org.za om die weeklikse SARL News-oudio-opnames af te laai en om Amateur Radio Today te luister of af te laai.

In die nuus vandag:

DIE SARL AJV OP SATERDAG 23 APRIL

KOM OP DIE LUG VIR WÊRELD AMATEUR RADIO DAG

en

DIE HERFS ZS-SOTA DAG OP 2 MEI

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

DIE SARL AJV OP SATERDAG 23 APRIL

Die 2022 SARL Algemene Jaarvergadering begin om 10:00 SAT op Saterdag 23 April 2022 op die Bluejeans-platform en jy kan dit vanuit jou huis bywoon. Jy moet registreer om 'n skakel te kry om by die AJV aan te sluit. Besoek die voorblad van die SARL-webwerf om te registreer. Laai ook die AJV-boekie af wat die program vir die dag bevat, insluitend die voorgestelde begroting en ledegeld vir 2022/2023, die twee mosies vir bespreking en 'n voorstel om die 2023 SARL Nasionale Konvensie aan te bied. Indien jy nie kan bywoon nie, voltooi asseblief 'n volmagvorm en dien dit in by die SARL Sekretaris. Die AJV-boekie en die volmagvorm kan op die voorblad van die web gevind word.

Van die 1 648 SARL-lede het slegs 47 teen Vrydag 8 April geregistreer. Die Sekretaris het nog geen volmagvorms ontvang nie. Vir die AJV om gehou te word, word 165 registrasies en volmagte benodig. Registreer vandag!

KANADESE SPESIALE ROEPSEINE TER EER VAN KONINGIN ELIZABETH II SE PLATINUM JUBILEE

Ter ere van koningin Elizabeth II se 70 jaar op die troon (haar Platinum Jubilee), het Innovasie, Wetenskap en Ekonomiese Ontwikkeling Kanada (ISED)

die gebruik van spesiale roepseine vir Kanadese amateurs vanaf 15 Mei tot 14 Julie 2022 goedgekeur. Hierdie datums stem ooreen met die besige vroeë somer kompetisie en sal beskikbaar wees vir alle Kanadese amateurs wat die spesiale roepseine by alle geleenthede wil gebruik, insluitend die RAC Kanada Dag kompetisie en die IARU Wêreldkampioenskap.

KOM OP DIE LUG VIR WÊRELD AMATEUR RADIO DAG

Maandag 18 April is Wêreld Amateur Radio Dag. Dit is ook 'n openbare vakansiedag wat die Paasnaweek eindig. Dit was op 18 April 1925 dat die Internasionale Amateur Radio-unie (IARU) tydens die Internasionale Radio Telegraaf konferensie in Parys gestig is. Daarom vier radio amateurs wêreldwyd hierdie dag elke jaar met spesiale aktiwiteite.

Die SARL sal 'n WARD-sertifikaat uitreik aan radio amateurs wat QSOs maak vanaf 16:00 UTC op Donderdag 14 April tot 18:00 UTC op Maandag 18 April**,** die hele Paasnaweek en insluitend die ZS4 QSO-partytjie op 17 April! Werk soveel radio amateurs as moontlik gedurende die naweek, PLUS ten minste twee (2) SARL Raadslede (daar is 10) en ten minste drie (3) Radio klubstasies, jou eie Klubstasie uitgesluit! Stuur jou aansoek vir die 2022 WARD-sertifikaat na secretary@sarl.org.za teen 21:59 UTC op Donderdag 21 April 2022. Jan, ZT4T sal aktief wees op 18 April op 7 100 en 3 700 MHz.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE HERFS ZS-SOTA DAG OP 2 MEI

Sid Tyler, ZS5AYC die ZS-SOTA Verenigings-bestuurder sê die Herfs ZS SOTA-dag sal op Maandag 2 Mei ('n openbare vakansiedag) gehou word. Vir diegene wat beplan om 'n piek te aktiveer, is dit tyd om te begin kyk na watter piek jy gaan aktiveer en jou beplande aktiverings-tye. Hierdie is 'n lekker dag uit in die natuur en nie 'n kompetisie nie. Elke deelnemer sal 'n Herfsdag-sertifikaat ontvang indien jy daardie pieke geaktiveer of gejaag het. Vir aktiveerders is dit pret om te sien of jy piek-tot-piek (S2S) kontakte kan maak met ander aktiveerders en hoeveel jagters jy in jou log kan kry.

Oorweeg asseblief om jou aktiverings-tye te plaas, sodat jagters en ander aktiveerders ~~sal~~ kan weet dat jy 'n piek aktiveer en hoe laat hulle vir jou moet luister. As jy nie op die SOTA/POTA WhatsApp-groep is nie en bygevoeg wil word, stuur asseblief 'n WhatsApp-boodskap aan Sid op selfoon 082 461 3279. Sluit asseblief aan by die pret om 'n piek te aktiveer of om diegene wat dit waag, te jaag.

Eerste keer aktiveerders, as jy hulp of raad benodig, moet asseblief nie huiwer om raad te vra nie. Ons het twee spanne van die Suidkus van KZN wat pieke gaan aktiveer. Besonderhede sal nader aan die tyd op die WhatsApp-groep geplaas word. Hier is 'n paar statistieke vir die 2021 Lente SOTA-dag wat op 24 September 2021 gehou is: vyf pieke is deur nege aktiveerders geaktiveer; die aktiveerders is ondersteun deur honderd-en-agt jaers en honderd-agt-en-tagtig QSOs is gemaak. Ses van die aktiveerders piek-tot-piek kontakte gemaak.

KLUB NUUS

Wat gebeur op Sondag 24 April? Dit is die dag wat jy in jou dagboek moet aanteken om die Klipriviersberg Natuurreservaat (ZSFF-019 vir Fauna en Flora) te besoek, waar jy kan deelneem aan voetslaan, voëlkyk, fotografie, kuier saam met vriende, familie en mede-amateurs en belangrikste, die volgende Sandton Jakkals-jag en 'n bietjie buitelug radio pret.

Ons ontmoet by die hoofingang kompleks oorkant Peggy Veraweg 129, Kiblerpark om 09:45 SAT vir 'n Jakkals-jag-inligtingsessie en sal die jag saam om 10:00 SAT begin. Toegang tot die reservaat is gratis. Daar is veilige parkeerplek beskikbaar en jy kan piekniek hou in die reservaat of by die ingang, waar jy ook toiletgeriewe en piekniekplekke sal kry. Braai word by die ingangskompleks toegelaat.

Om meer uit te vind, Google asseblief die Klipriviersberg Natuurreservaat en besoek die SARL se komende gebeurtenisse dagboek. Sluit asseblief Sondag 24 April by ons aan vir buitemuurse oefening en radio pret.

By die Durban ARK AJV wat op Saterdag 2 April gehou is, is die volgende lede gekies om vir die daaropvolgende jaar op die komitee te dien. Almal het hul waardering uitgespreek vir die uittredende Komitee en wens die inkomende een die beste toe vir die jaar.

Voorsitter en Tesourier: Louis de Bruin, ZS5LP

Ondervoorsitter: Sean Beukes, ZS5TI

Sekretaris: Martin Botha, ZS5ADL

Lede: Graham Walker, ZS5GW; Aubrey Worthington, ZS5ACW en Denham Eva, ZS5DE

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar vier sonvlekke met eenvoudige magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n hoë waarskynlikheid vir C-klas en 'n geringe kans vir M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 61 vir die week gebruik. Radio amateurs kan goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

12 April – die sluitings datum vir die 80 m QSO Partytjie logstate

14 April – die sluitings datum vir die Herfs QRP and FT4 logstate

15 April – Goeie Vrydag;

17 April – Paassondag en die ZS4 QSO-partytjie

18 April - Familiedag en Kom op die lug vir Wêreld Amateur Radio Dag

22 April – Registrasie vir die Mei RAE sluit en die sluitingsdatum vir ZS4 logs

22 en 23 April – die Lyrids Meteoorreën

23 April – die SARL Algemene Jaarvergadering en die Magalies ARK Antenna dag

24 April – die Sandton ARK Jakkalsjag

25 April – Marconi dag

27 April – Vryheidsdag, Morse dag en die Sandton ARK 'Tech Talk'

30 April – die SARL 40 m Klub kompetisie en die einde van die SAMOC April Woord soektog

1 Mei – Werkersdag

2 Mei – Openbare vakansiedag en die Herfs ZS-SOTA-dag

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die 2022 SARL Algemene Jaarvergadering begin om 10:00 SAT op Saterdag 23 April 2022 op die Bluejeans-platform en jy kan dit vanuit jou huis bywoon. Jy moet registreer om 'n skakel te kry om by die AJV aan te sluit. Besoek die voorblad van die SARL-webwerf om te registreer. Die AJV-boekie en die volmagvorm kan op die voorblad van die web gevind word. Registreer vandag!

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Vrydag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS, geproeflees deur Deon Erwin, ZS1ZL en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week wat voorlê.